

16

GEROEP OM VAN GOD TE VERTEL

Dankie, Dominee

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet die Here het die dominee geroep om vir Hom te werk.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat –

- die Here die dominee geroep het om ons van Hom te vertel.
- die Here deur die Bybel met ons praat.
- die dominee die Bybel gebruik as hy met ons oor die Here praat.
- die dominee Nagmaal hou en kinders doop.
- die dominee huisbesoek doen en vir mense bid.
- die dominee mense trou en begrawe.
- die dominee baie ander gemeentewerk en kerkwerk doen.

Gesindheid

Die kinders moet –

- gewillig wees om te luister as die dominee oor die Here praat.
- gewillig wees om gereeld na die dominee te luister.
- dankbaar wees dat God mense roep om oor Hom te praat.
- getrou kerk toe wil gaan en na die preke luister.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om met die dominee te gaan praat oor enigiets waaroor hulle bly is of wat hulle pla.

MEER INLIGTING (Handelinge 4: 29)

In Handelinge 4 bid Petrus en Johannes dat God die mense sal help wat ander van Hom leer en sy werk doen. Die Here moet hulle help om nie bang te wees om oor Hom te praat nie, al

word hulle gedreig en sleg behandel. In die Bybelse tyd was dit profete of apostels of leraars wat die Here se werk gedoen het. Vandag noem ons hulle dominees of predikante. Vrouens én mans kan dominees word.

'n Mens word nie sommer net 'n dominee nie. Dominees moet vas glo dat God hulle geroep het om mense van Hom te vertel. Dominees gebruik die Bybel as hulle vir mense van God vertel. Daarom moet hulle vir meer as ses jaar universiteit toe gaan om die Bybel baie goed te leer ken.

Wanneer die Kerk tevrede is dat hulle die Bybel goed genoeg ken en die werk kan doen, word hulle toegelaat om dominees van die Kerk te wees. Hulle dra togas as teken dat hulle studeer het om die Here se werk te kan doen.

Ons noem dominees of predikante ook herders en leraars. 'n Herder is 'n skaapwagter wat sy skape baie goed versorg. As ons sê dominees is herders, bedoel ons dat hulle die mense in die kerk getrou het en dat hulle mense met liefde die regte en goeie dinge sal leer en hulle met alles sal help waar dit nodig is. Hulle doen dit wanneer hulle huisbesoek doen, siekes besoek en mense help as hulle probleme het. Hulle troos mense wat hartseer en eensaam is en help mense wat swaar kry.

Met leraar word bedoel dat predikante mense van die Here moet leer. Hulle moet mense leer wat die Bybel van die Here sê en wat die Here van ons verwag. Hulle doen dit wanneer hulle preek, doop, Nagmaal bedien, Bybelstudie hou en mense katekiseer.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Reël met die dominee om 'n deel van die les te kom aanbied indien hy of sy beskikbaar is.
- Onthou om die kinders voor die erediens voor die kerk te ontmoet.
- Laat hulle saam met jou in die kerk gaan sit.
- Sê vooraf vir hulle dat hulle mooi moet luister waaroor die dominee preek.
- Daar kan ook met die dominee gereël word om besonder kindvriendelik te preek.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Vra die volgende vrae uit Les 14:
 - Wat is 'n apostel? (*Dit was amper soos 'n dominee, iemand wat rondgereis het en vir die mense van die Here vertel het.*)
 - Wie is die apostel wat in die tronk gegooi is? (*Paulus.*)
 - Wie was sy vriend wat saam met hom in die tronk gegooi is? (*Silas.*)
 - Na die aardbewing was die tronkdeur oop, maar hulle het nie uitgeloop nie. Hoekom dink julle het hulle nie uitgeloop nie? (*Sodat hulle vir die bewaarder van Jesus kon vertel.*)

- Wat het daarna met die bewaarder gebeur? (*Hy en sy hele gesin het in Jesus geglo.*)
 - Wanneer is Paulus-hulle vrygelaat? (*Die volgende oggend.*)
 - God sal my nooit nie, want ek is vir Hom spesiaal. (*vergeet*)
- Laat hulle die volgende teks voltooi: *Hulle antwoord hom: "Glo in die Here Jesus, (en jy sal gered word)".*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Sluit aan by die leefwêreld van die kind deur te vra of een van hulle al by 'n baba se doop of by 'n troue was. Kan hulle onthou wat daar gebeur het? Weet hulle wie preek elke Sondag in die kerk? Wat beteken dit om te preek?

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo om te verduidelik wat dominees doen. Beklemtoon dat 'n dominee 'n man of 'n vrou kan wees.

Gesels met hulle oor die preek waarna hulle pas geluister het in die erediens. Wat het hulle gehoor en wat het hulle geleer?

Laat die predikant met hulle gesels oor sy werk en gee aan hulle die geleentheid om hom of haar 'n paar vrae te vra, ook oor die preek.

Lei die gesprek verder deur die dominee vrae te vra as dit nog nie genoem is nie. Vrae soos:

- Hoe lank en waar het hy of sy studeer?
- Wat is die lekkerste van die dominee se werk?
- Wat is die moeilikste werk vir die dominee?
- Wat doen 'n dominee alles in die gemeente?
- Hoe lank neem dit om 'n preek voor te berei?

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer in:

- Die dominee se ander naam is predikant.
- Ons noem 'n dominee ook 'n herder. Dit beteken hulle leer mense die regte en goeie dinge en help waar dit nodig is.
- Ons noem 'n dominee ook 'n leraar. Dit beteken dat predikante mense van die Here moet leer.
- Hulle doen dit wanneer hulle preek, doop, Nagmaal bedien, Bybelstudie hou en mense kerkiseer.
- Vrouens én mans kan dominees word.
- Dominees moet vas glo dat God hulle geroep het om mense van Hom te vertel.
- Dominees gebruik die Bybel as hulle vir mense van God vertel.
- Dominees gaan vir meer as ses jaar universiteit toe om die Bybel baie goed te leer ken.
- Hulle dra togas as teken dat hulle studeer het om die Here se werk te kan doen.

- Dominees doen die Here se werk as hulle huisbesoek doen.
- Met huisbesoek bid hulle vir siekes, vertroos hartseer mense en help mense as hulle probleme het.

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders na die preekstoel en doopvont gaan kyk. Laat hulle aan die dominee se toga voel, op die preekstoel klim en na die Bybel kyk. Hulle kan ook 'n paar woorde oor die mikrofoon sê.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle –

- met hul ouers gaan gesels oor die predikant se werk.
- hul ouers vra of 'n predikant al vir hulle iets spesiaal gedoen het.
- volgende week kom vertel wat die predikant vir hulle gedoen het.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- 'n Dominee se ander name is predikant, herder en leraar.
- 'n Dominee –
 - leer mense die regte en goeie dinge.
 - preek, doop, bedien Nagmaal en hou Bybelstudie en kategese.
 - bid vir siekes en vertroos hartseer mense.
 - help mense as hulle probleme het.
- Vrouens én mans kan dominees word.
- Dominees moet vas glo dat God hulle geroep het om mense van Hom te vertel.
- Dominees gebruik die Bybel as hulle vir mense van God vertel.
- Dominees gaan vir meer as ses jaar universiteit toe om die Bybel baie goed te leer ken.
- Hulle dra togas as teken dat hulle studeer het om die Here se werk te kan doen.

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 254 saam te sing of dit as gebed te gebruik.

*Spreek Heer, spreek Heer, want u dienaar luister.
Net u Woord, Heer, bring weer lig in duister.*

*Spreek Heer, spreek Heer, want u kinders luister.
Net u Woord, Heer, bring weer lig in duister.*